Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Keith Lackay**
Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderssteuning
Keith.Lackay@westerncape.gov.za | 021 467 2327

Lêerno.: 18/2/R
Verwysing: 20230518-4404

Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut: 0007/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste, Kringbestuurders en amptenare by distrikskantore wat gemoeid met die Leerdervervoerskema

**Onderwerp: Leerdervervoerskema – roete- en voertuiginspeksies in distrikte op gereelde grondslag**

1. Ingevolge paragraaf 11.3.13 van die Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die Leerdervervoerskema (LVS) van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), moet amptenare by distrikskantore wat gemoeid is by die leerdervervoerskema, "roete- en voertuiginspeksies wat gereël is, gereeld uitvoer sodat alle roetes in 'n distrik oor 'n sekere tydperk geïnspekteer word".

2. Voor 2023 het beide die provinsiale Voertuiginspeksiespan en die betrokke LVS-amptenare op 'n gereelde grondslag roete- en voertuiginspeksies uitgevoer. Die provinsiale Voertuiginspeksiespan is sedertdien met ingang van 01 Januarie 2023 afgeskaf. In ooreenstemming met distrikte se funksie betreffende voertuiginspeksies, sal uitsluitlik LVS-amptenare by distrikte voortaan verantwoordelik wees vir roete- en voertuiginspeksies in distrikte.

3. Die betrokke LVS-amptenare by distrikskantore moet gevolglik inspeksies beplan en reël sodat alle roetes in 'n distrik oor 'n tydperk, verkieslik een keer per jaar, geïnspekteer word.

4. Vir die res van 2023 sal die verantwoordelike LVS-amptenare by distrikskantore 'n roete- en voertuiginspeksieplan voorberei deur die aangehegte templaat (Bylae A) te gebruik. Die voltooide plan vir die res van die huidige skooljaar moet teen 30 Junie 2023 vir goedkeuring aan die betrokke distriksbestuurder voorgelê word. 'n Afskrif van die goedgekeurde plan moet binne twee werksdae daarna per e-pos aan die Adjunkdirekteur: LVS by Hoofkantoor gestuur word.

5. Vir die daaropvolgende jare moet roete- en voertuiginspeksieplanne voorberei word deur dieselfde templaat te gebruik en dit teen 15 Januarie van die betrokke jaar aan die toepaslike distriksbestuurder voor te lê vir goedkeuring. 'n Afskrif van die goedgekeurde plan moet binne twee dae daarna per e-pos aan die Adjunkdirekteur: LVS gestuur word.

6. LVS-roete- en voertuiginspeksies moet hoofsaaklik op die perseel van die betrokke skool/skole op die roete uitgevoer word en moet die inspeksie van die voertuie insluit, asook die LVS-administrasie by die skool. Die jongste LVS-moniteringsinstrument wat vir hierdie inspeksies gebruik moet word, is hierby aangeheg as Bylae B, en sal vorige weergawe/s vervang.

7. Waar nodig, kan afstande van roetes en optelpunte geassesseer en hersien word.

8. ’n Roete- en voertuiginspeksieverslag moet teen die einde van elke maand voltooi word deur die aangehegte templaat (Bylae C) te gebruik en dit teen die vyfde werksdag van die volgende maand aan die betrokke distriksbestuurder voor te lê.

9. Die betrokke distriksbestuurders moet verseker dat die vereiste voertuiginspeksieverslae elke maand betyds voorberei word en dat die voorgestelde regstellende optrede geneem word.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2023-06-06